higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LANDBOUBESIGHEID
NKR VLAK 3

(1011033)

7 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

322Q1N2007

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Boere stel normaalweg die werkplan aan die begin van elke ... op.

A produksieseisoen
B elke maand
C elke jaar
D produksie-oesinsameling

1.2 Die naam van die hele groep waaruit monsters geneem word, staan bekend as ...

A kapitaal
B populasie
C omgewing
D mense

1.3 Die waarde van hulpbronne soos grond, lug en water staan bekend as …

A vaste koste
B waardevolle koste
C natuurlike hulpbronne
D natuurlike kapitaal

1.4 Die waarde van alles wat op die plaas geproduseer word, staan bekend as die …

A kleinhandelaars
B prosesseerder
C bruto produksie
D waardetoevoeging

1.5 ... beteken om op soek te wees na en optekening van plae en siektes.

A Kosteberekening
B Monsterneming
C Insameling
D Verkenning

1.6 ’n Onderneming of ’n middelman wat ’n kommoditeit aan ’n verbruiker aanbied op ’n manier en in die vorm wat die verbruiker begeer en voor betaal:

A Kleinhandelaar
B Groothandelaar
C Verspreider
D Agent

Kopiereg voorbehou

1.7 Onderneming wat kommoditeite óf gedeeltelik óf volledig transformeer in ’n vorm wat verbruik kan word:

A Verwerking
B Verspreiders
C Uitvoer
D Invoer

1.8 ’n Beleid wat daarop gerig is om invoere te beperk om plaaslike produsente te beskerm sodat hulle hul goedere sonder mededinging kan verkoop, staan bekend as ...

A plaaslike bemarking.
B markbeskerming.
C invoer.
D verkope.

1.9 ... is hoeveel geld die onderneming aan die einde van die begrotingsperiode het.

A Beginsaldo
B Eindsaldo
C Laaste eindsaldo
D Wins

1.10 Die verkope en ontvangs van boodskappe deur middel van telefone, radio of televisie staan bekend as ...

A bemarking
B televisiebemarking
C telekommunikasie
D verhoudingsbemarking

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 ’n Landboubesigheidboer kan data lukraak of sistematies insamel.

2.2 Invoerreg is ’n tarief wat by die grens betaal word om ’n kommoditeit in staat te stel om daardie land binne te kom.

2.3 ’n Werkplan sluit nie al die aktiwiteite van plaasbedrywighede in nie.

2.4 Die beste resultate vir grondmonsters word deur middel van ewekansige steekproefneming verkry.

2.5 Die lewensvatbaarheid van ’n plaas beïnvloed sy volhoubaarheid.

2.6 Wins verskil van inkomste.

2.7 Die sortering van produkte in groepe met dieselfde eienskappe is ewekansige steekproefneming.

2.8 Marinering is ’n proses waarvolgens dier- en plantafval met grond gemeng word.

2.9 Riviere, stroompies en damme is grondwatervoorrade.

2.10 Die gesondheid en veiligheid van die persoon wat die masjien gebruik, word deur die reg bepaal.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Voorkom vernietiging van bosbou- en plaasgrond asook veld deur brande	A	agritoeris
3.2	Uitruiling van dinge tussen meer as twee partye	B	bewaringsbewerking
3.3	’n Lys van al die verskillende take wat gedoen moet word	C	multilaterale handel
3.4	Besoekers aan ’n wildsplaas wat ’n tarief moet betaal	D	brandpaaie
3.5	Voorbereiding van die grond op ’n manier wat iets laat om die oppervlak te bedek	E	bedryfsplan
3.6	Vee-eenhede per vierkante kilometer	F	soneringsregulasies
3.7	Keuse van ’n groep diere wat lukraak bestudeer word, en nie volgens ’n spesifieke patroon nie	G	biodiversiteit
3.8	Die frekwensie waarteen ’n dier geboorte gee en die aantal afstammelinge wat gebore word	H	dravermoë
3.9	Reëls wat spesiale areas skep waar daar volgens die reg slegs sekere aktiwiteite mag plaasvind	I	aanteelkoers
3.10	’n Verskeidenheid lewende organismes wat natuurlik in ’n gebied aangetref word	J	ewekansige steekproefneming
		K	behuisingsregulasies
		L	sterftesyfer

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 ’n ... is ’n persoon of organisasie wat met verbruikers gemoeid is.

4.2 ’n ... is ’n amptelike dokument wat toestemming gee om goedere in Suid-Afrika in te bring.

4.3 ... beteken om die toekoms te verseker deur na finansies en ander bates om te sien.

4.4 ... dui op die bedrag geld wat ’n onderneming aan die begin van ’n begrotingsperiode het.

4.5 ’n ... is infrastruktuur wat gebruik word om mielies en sonneblomsaad te berg.

4.6 ... is die gebruikmaking van ’n gedeelte van ’n groep om inligting oor die hele groep te kry.

4.7 ... eet meer gras as die blare van struike of bome.

4.8 ... is eenhede werk soos deur mense verrig.

4.9 ... is ’n vermindering in waarde.

4.10 ... is om iets totaal te vernietig of daarvan ontslae te raak.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Gebruik die volgende inligting van Jininindi Tamatieplaas soos op 1 April 2018 om die vrae te beantwoord.

VASTE KOSTE	WAARDES	VERANDERLIKE KOSTE	WAARDES
Salarisse	R5 000	Brandstofkoste	R1 500
Huur van geboue	R2 000	Kunsmiskoste	R1 000
Grondkoste	R3 000	Insekbeheerkoste	R1 000
Masjineriekoste	R2 000	Herstelkoste	R2 500

5.1.1 Bereken die totale veranderlike koste. Toon al die berekeninge. (2)

5.1.2 Bereken die totale vaste koste. Toon al die berekeninge. (2)

Kopiereg voorbehou

5.2 Gebruik die volgende inligting om die opbrengs op belegging (OOB) van die bostaande plaas te bereken:

$$OOB = \frac{(\text{Totale inkomste} - \text{Totale koste})}{\text{Totale koste}} \times \frac{100}{1}$$

Jininindi Tamatieplaas se totale inkomste was R45 000.

5.2.1 Wat sal die opbrengs op belegging wees? Wys alle berekenings. (4)

5.2.2 Is dit 'n goeie opbrengs op belegging? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

5.3 Identifiseer VIER maniere waarop die boer inkomste uit die plaasbesigheid kan genereer. (4)

5.4 Gee VIER redes waarom plaasinfrastruktuur onderhou behoort te word. (4)

5.5 Noem die voordele wat 'n begroting vir Jininindi Tamatieplaas inhou. (3)

5.6 Noem VYF faktore wat Jininindi Tamatieplaas moet oorweeg om die langtermynlewensvatbaarheid van die onderneming te bepaal. (5)

5.7 Definieer die volgende terme:

5.7.1 Vals ekonomie

5.7.2 Agro-ekologie

(2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 6

6.1 Definieer die volgende terme soos dit in die uitvoer en invoer van landbouprodukte gebruik word:

6.1.1 Risikobeoordeling

6.1.2 Bilaterale handel

(2 × 2) (4)

6.2 Onderskei tussen *uitvoerpermit* en *invoerreg.* (4)

6.3 Boere verdien 'n bestaan uit die verkope van hul plaasprodukte.

Noem VIER ander maniere waarop boere 'n inkomste kan verdien. (4)

6.4 Gee DRIE redes waarom handel oor nasionale grense plaasvind. (3 × 2) (6)

6.5 Noem VIER reëls en regulasies wat die invoer en uitvoer van landbouprodukte beheer waarvan boere behoort te weet. (4 × 2) (8)

6.6 Die vlak 3 Primêre Landbou-studente is besig met ’n praktiese projek by Daisy Farm. Die bemarkingsbestuurder, Nala, nader die studente en vra hul hulp om die plaas effektief te bemark.

6.6.1 Noem DRIE ruilfunksies wat in die bemarking van ’n produk sal plaasvind. (3)

6.6.2 Gee DRIE redes waarom dit ’n goeie idee is dat Nala tussenpersone in die bemarkingsproses se dienste bekom. (6)

[35]

VRAAG 7

7.1 Beskryf kortliks hoe jy die volgende sal doen:

7.1.1 Diefstal of wangebruik van gereedskap en toerusting deur werkers onder jou toesig voorkom. (5)

7.1.2 Data oor voorraad insamel. (3)

7.2 ’n Kommersiële boer neem gereeld grondmonsters van sy/haar boerderygrond. Die resultate van die jongste grondmonster dui aan dat die grond uit 80% klei, 10% leem en 10% sand bestaan. Die vlak van kalium in die grond is baie hoog en die pH-waarde is 8, 7.

7.2.1 Noem AGT maatreëls wat toegepas kan word om die produksiepotensiaal van hierdie grond te verbeter. (8)

7.2.2 Om nuwe inligting te bekom, moet jy data insamel.

Op watter VIER maniere word data ingesamel? (4)

7.3 7.3.1 Thembi en Thandi bestee R800 aan hoendervoer, R1 000 aan elektrisiteit en R1 200 aan arbeid. Hulle kan 500 dosyn eiers van die hoenders kry.

Bereken die koste van produksie van een dosyn eiers. (Koste van produksie = koste/uitset) (3)

Kopiereg voorbehou

7.3.2 Mev Pambu boer met eiers en kopkool. Die volgende verteenwoordig 'n deel van hul begroting vir albei ondernemings. Bestudeer dit en voltooi daarna VRAAG 7.3.2.1–7.3.2.4. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer neer.

Plaasbegroting	**Begroting vir eierproduksie**	**Begroting vir kopkoolproduksie**
Onderneming	**Eiers**	**Kopkool**
Opbrengs	500 dosyn	1 000
Prys	R10/dosyn	R3/kopkool
Bruto inkomste	R5 000	R3 000
Totale veranderlike koste	R1 000	R 1 000
BRUTO MARGE	**(a)**	**(b)**
Totale bruto marge vir die hele plaas		**(c)**
Bokoste	R500	R300
Netto plaasinkomste	**(d)**	

(4)

7.4 Nadat die plaasbestuurder die data ingesamel het, volg hy 'n proses om 'n verduideliking vir die ingesamelde data te kry.

Noem VIER stappe wat die plaasbestuurder sal doen om sy waarneming te verduidelik. (4)

7.5 Verduidelik hoe beplanning van die hele boerdery tot voordeel van die boer sal strek. (4)

[35]

VRAAG 8

8.1 Definieer die volgende terme:

8.1.1 Belegging

8.1.2 Opbrengs op belegging

(2 × 2) (4)

8.2 Noem TWEE metings wat as rypheidsindeks vir kopkool gebruik word. (2)

8.3 Onderskei tussen die volgende in die produksieproses:

Balansstaat en kontantvloeistaat. (4)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 110
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou